

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Belangrikheid, belangrikste; wat wys kinders vir ons?

**Skriflesing:** Markus 9:33-37

### Broodjies vir die pad

“Maybe it's all utterly meaningless. Maybe it's all unutterably meaningful. If you want to know which, pay attention to what it means to be truly human in a world that half the time we're in love with and half the time scares the hell out of us. Any fiction that helps us pay attention to that is religious fiction. The unexpected sound of your name on somebody's lips. The good dream. The strange coincidence. The moment that brings tears to your eyes. The person who brings life to your life. Even the smallest events hold the greatest clues.”

— Frederick Buechner

“The greatest happiness of life is the conviction that we are loved -- loved for ourselves, or rather, loved in spite of ourselves.”

— Victor Hugo

“**Once upon a time**” These are the most magical words our world has ever known and the gateway to the greatest stories ever told. They're an immediate calling to anyone who hears them—a calling into a world where everyone is welcome and anything can happen. Mice can become men, maids can become princesses, and they can teach valuable lessons in the process.”

— Chris Colfer, *The Wishing Spell*

### Sendelingskinders

Die wind die waai die denne deur en wuif teen die mirte aan:  
'Kom gee my die geur van jou blare - kom gee, eer die geur verslaan;

Want ek sal dit spreid oor die Boland en ondertoe na die see,  
En ek sal dit slinger die berge oor waar die grysvaal singvalk skree,

En ek sal dit strooi oor die velde, versprei oor die spruit en vlei,  
En ek sal dit meng met die waboom-ruik, wat anders geen maat sal kry;

En same sal jy die bossies streef, want ek is die Suidewind.  
En ek is van alles wat lewe en groei, die teerbeminde vriend.  
Die mirte, pers met hul bessie-oes; die waboom-heuning soet;  
Die klossies, bont in hul kleureprag soos nuut-geplaste bloed;  
Die wilde-sering en die berg-jasmyn; die katjeeperingbos;  
Die suringblommetjies by die wal, in goud en geel gedos;  
Die wit vlei-lilie, wat sierlik staan en geur soos ryp kaneel;  
Die doringrosies by die dam, wat van die sonlig steel;  
Die asters in die blommetuin en die gemmerstruik wat bloei  
Daar tussen die vinkel en tuin-anys wat lommerryk oor hom groei;

En elke blom wat geur besit, gee van sy geure mee;  
En die wind die waai deur die denne en spoel dit na die see.  
Hy spoel dit oor ou Kaapstad, oor Klapmuts, oor die vlei,

Oor Stellenbosch, Sarepta, en oor die Bot'lary,  
Oor Roodezand en Tulbagh, en oor Genadendal;  
Hy waai dit noord Goudini toe, tot dit by Wo'ester val,  
En wes toe oor na Saron, teen Winterhoek se wal,  
En noord toe, oor die berge, ver noord tot Wuppertal,  
Dan see toe, see toe, see toe, waar Ebeneser rus,  
'n Kale duin met krale, sag deur die see gesus.  
Hy jaag dit noord toe, noord toe, oor Troe-Troe en verby  
Concordia, Komaggas en Pella, tot hy kry  
Die dunbegroeide vlaktes van Groot-Namakwaland,  
Waar met sy wierook mengel die wasem van die sand -  
En orals waar hy deurwaai as teerbeminde vriend,  
Daar groet hy met sy koelte 'n sendeling se kind.

Ons vaders was met die gees besiel om alles op te gee  
En deur te werk met vlyt en smart in worstelstryd en wee;  
En ons het geërwê 'n deel daarvan - teen wil en dank 'n deel:  
Die krag om te staan en alleen te ly, eers veg en later speel.  
Miskien, misgun, bespot, vertrap, verstote en bemind -  
Dit was in die oue tyd hul lot - dis onse deel as kind!  
Gee aanstoot hier, maak vrinde daar, onwrikbaar in jou trou;  
Verkondig luid jou ideaal en wat jy waarheid hou -  
Wat skeel dit as iemand glad anders dink: die wêreld is groot  
genoeg,

En die hele land lê wag vir werk, vir dolwe en eg en ploeg,  
En die hele land is duister nog, stikdonker soos die nag;  
En 'n mens se lewe is baie kort, net soos 'n winterdag.  
Breek deur, bou op, maak glad die land, totdat ons somer kry,  
Van bokant noord by Keetmanshoop tot suid by Bot'lary,  
En vra nie wat die toekoms bring, wat mense môre brom:  
Vandag se plig is eerste plig, en Ebeneser kom.

Sendelingskinders teen wil en dank, gebore om te gee  
Alles die beste wat ons besit, in worstelstryd en wee;  
Sendelingskinders die wêreld deur, vry soos die wind wat waai  
Van Pellas onbeplante sand tot in Saldanhaabaai;  
Sendelingskinders 'n strepie deur - die vaders gees is groot!  
Misverstaan en halfpad sku, 'n erfnis-las soos lood  
Lê op ons die lewe lang totdat ons rus sal kry,  
Van bokant noord by Keetmanshoop tot suid by Bot'lary.

*C. Louis Leipoldt*

“I've come to know that what we want in life is the greatest indication of who we really are.”

— Richard Paul Evans, *The Gift*

*When Richard Paul Evans wrote the #1 best-seller, The Christmas Box, he never intended on becoming an internationally known author. His quiet story of parental love and the true meaning of Christmas made history when it became simultaneously the #1 hardcover and paperback book in the nation. Since then, more than eight million copies of The Christmas Box have been printed. He has since written eleven consecutive New York Times bestsellers. He is one of the few authors in history to have hit both the fiction and non-fiction bestseller lists. He has won several awards for his books including the 1998 American Mothers Book Award, two first place Storytelling World Awards, and the 2005 Romantic Times Best Women Novel of the Year Award. His books have been translated into more than 22 languages and several have been international best sellers.*

## Kultuur bly hier hoop gee

*Heinrich Matthee*

In byna elke huis in Iran is daar naas 'n Koran die versamelde gedigte van die Middeleeuse digter Hafez van Shiraz. Hy is die lewensgids van vele.

Digkuns in die Indo-Europese taal Persies speel 'n prominenter rol in die alledaagse lewe as by sy verre agterkleinneef, Afrikaans.

'n Voordrag van gedigte ontbreek selde by begrafnisse en Nuwejaarsfeeste.

Sa'di se gedigte klink ook by huwelike: "As jy trou soek, verduur die pyn / die geliefde se ruilhandel / is verlies en winstewyn".

Van taxibestuurders tot sakelui lewer aktuele kommentaar met verwysing na ou gedigte. Dit voel wel anders as jy in die chaotiese verkeer van Teheran, die hoofstad, 'n bakkie sien indruk met dié reëls van 'n gedig agterop gevef: "Ek vrees God en behalwe God vrees ek diegene die meeste wat God nie vrees nie."

### Kleinood

Persiese gebiede het oor die eeue baie invallers en oorheersers beleef, onder meer die Mongole, Turke en Arabiere, wat Islam daar afgedwing het. Elke keer wanneer die Perse hul mag en hul gevoel vir hul eie geskiedenis, kultuur en taal verloor het, het die digters hul kulturele tuiste bewaak.

Tuiste in eie taal, die titel van Jaap Steyn se werk oor Afrikaans, het ook hier gegeld.

Die klassieke kultuurerfenis van Persies het vir bykans 14 eeue die elites vanaf Iran en Irak tot in Turkye, Afganistan, Indië, Pakistan en Sentraal-Asië gevorm. Marshall Hodgson noem dié erfenis die "Persianaat". Dit omvat ook helde en waardes uit die tydperk voor Islam.

Verwysings na klassieke digters is alledaags in Iran. Hieronder val Hafez, Abul-Qâsem Ferdowsi, Maulana Rumi, Sa'di, en Omar Khay-yam – van wie se werke ook deur C.J. Langenhoven en Daniel Hugo vertaal is.

As iemand in Iran hierdie digters se werke sou aftakel soos wat in die hedendaagse Weste met historiese kultuurwerke gebeur, sou hy as 'n kulturele barbaar beskou word.

Tyd verweer vir Iraniërs nie die voorbeelde en waardes van hul werk nie. Dit word as 'n kosbare kleinood beskou. Ongeag verganklike politieke ordes en golwe van teenspoed, kan dit steeds hul menswees uitdruk en vorm.

### Politiek en poësie

Toe die Amerikaners die gerespekteerde genl. Kassem Soleimani in Januarie 2020 dood, het miljoene Iraniërs daarteen op straat betoeg.

Talle gedigte is in verskillende media geplaas. Pro-regering-kunstenaars het 'n simfonie getiteld /Die Soldaat/ geskep, gebaseer op 'n nuwe gedig.

Die denker Abdolkarim Soroesh het 'n reël uit 'n gedig van Hafez gewysig om Iraniërs se verset oor die voorval te verwoord.

Gedigte is ook 'n middel waardeur kritiek teen die regering gelewer word. Iran se mense ervaar weens Amerikaanse sanksies, outokrasie en interne korrupsie die laaste jare swaarkry en soms selfs wanhoop.

In Oktober 2020 is Mohammad Reza Shajarian, 'n gewilde sanger, oorlede. Shajarian se gehore het altyd aan die einde van sy vertonings dieselfde toegif gevra. Dit was die pragtige lied "Morgh-e Sahar" ("Voël van die daeraad"). Die lirieke kom uit 'n politieke protesgedig oor vryheid in die 1920's.

Talle mense het die lied ook buite die sterwende sanger se hospitaal gesing. Iraniërs weet hoe om indirek te kommunikeer.

### Bron van hoop

Tydens Covid-19-inperkings het heelwat mense met stemboodskepe gedigte aan familie en vriende voorgelees en gestuur. Dit was 'n manier om saam te treur of bloot saam te verkeer. Een gewilde aanhaling was 'n koepel van Rumi: "By die pyn se bron, sal die genesing kom."

Dié nuus het my herinner aan een aand jare gelede. Ek het met kennis by die Darband-buurt hoog in Teheran gestap. Die wye stad se wonings, waarbinne meer as 8 miljoen harte klop, het soos lignessies teen die donker hange vasgeklou.

Geoloë het reeds 30 breuklyne onder die grond bespeur. Die inwoners het gewag op 'n massiewe aardbewing in die toekoms met 'n sterkte van 7.

My kennis het gewonder of die aardbewing dalk die plataanbome by Vali Asr-straat en hul sierlike huise sou platruk. Toe raak hulle stil. Skielik begin een die digter Sohrab Sefehri aanhaal en vertaal: "Die lewe is nie leeg nie, daar is goehartigheid, daar is appels, daar is geloof. Ja, 'n mens moet leef, terwyl die rooi papawers blom."

\* *Dr. Matthee woon in Nederland en is 'n politieke ontleder vir bedrywe in die Midde-Ooste.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/kultuur-bly-hier-hoop-gee-20210914>

## Brood vir die pad

### Komediant laat ons nadink oor dankbaarheid

*RRV*

Ek kyk graag as ek die kans het na die Amerikaanse laataand-televisieprogram The Late Show met Stephen Colbert as aanbieder.

Colbert is 'n talentvolle komediant wat met skerp humor allerlei sake pak en op onderhoudende wyse met interessante mense gesprek voer. Hy is ook uitgesproke oor sy Rooms-Katolieke geloof en skram nie weg om soms met sy prominente gaste oor God en geloof te gesels nie.

Wat dalk minder bekend is, is dat sy pa en twee van sy broers in 'n vliegtuigongeluk gesterf het – op 11 September 1974, onderweg na Charlotte in Noord-Carolina. Colbert, die jongste van 11 kinders, was toe tien jaar oud, en sy ma het hom hierna alleen grootgemaak.

Hy praat wel soms oor die ingrypende uitwerking van hierdie verskriklike gebeurtenis op sy lewe, soos in 2019 in 'n televisiegesprek met die CNN-aanbieder Anderson Cooper (wie se pa ook oorlede is toe hy tien jaar oud was).

In dié openhartige onderhoud merk Colbert teenoor Cooper op dat die voorbeeld van sy ma, asook sy eie geloofsbeleving, die gedagte by hom tuisgebring het dat ons nie hier 'n ander lewe as óns lewe het nie. Die dapperste ding wat jy daarom kan doen, is om hierdie gegewendheid met dankbaarheid toe te eien. Wat lei tot Cooper se vraag of hy dan werklik glo dat swaarkry ook 'n gawe is. Waarop Colbert antwoord: "It is a gift to exist. And with existence comes suffering. There is no escaping that." En toevoeg, met verwysing na sy eie trauma: "I wanted it not to have happened. But if you are grateful for your life, which I think is a positive thing to do (not everybody is, and I'm not always), then you have to be grateful for all of it."

Dit bly 'n moeilike en uitdagend perspektief dat ons moet dankbaar wees vir ons lewe as 'n geheel. Tog is daar krag in 'n lewenshouding wat te midde van verlies en gebrokenheid ten diepste nie deur bitterheid gestempel word nie, maar deur empatie en dankbaarheid.

Colbert haal graag in onderhoude vir E.E. Cummings, die Amerikaanse digter met 'n eiesoortige styl, aan.

Cummings sy gedig "i thank You God for most this amazing" (1950; waarvan 'n gevoelvolle voorlesing deur die digter self op YouTube te vinde is) belig dan ook die tema van dankbaarheid. Met as eerste strofe: "i thank You God for most this amazing / day: for the leaping greenly spirits of trees / and a blue true dream of sky; and for everything / which is natural which is infinite which is yes."

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-komediant-laat-ons-nadink-oor-dankbaarheid-20210911>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877